higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

INKOMSTEBELASTING N6

(4010206)

20 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye en 1 inligtingsblad.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
INKOMSTEBELASTING N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.
5. Toon AL jou bewerkinge/berekeninge.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings BELASBAAR of NIEBELASBAAR is. Skryf slegs 'Belasbaar' of 'Niebelasbaar' langs die vraagnommer (1.1-1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Huurinkomste wat 'n Suid-Afrikaanse burger, wat buite die land bly, ontvang het

1.2 Tydelike verblyf wat die werkgewer aan 'n werknemer bied wat vir besigheidsdoeleindes na 'n nuwe provinsie verplaas is

1.3 'n Enkelbedragvoordeel van R150 000 wat met atrede uit 'n uittredingspolis ontvang is

1.4 'n Etebewys wat vir middagetes in die firma se kafeteria aan werknemers voorsien word

1.5 'n Dapperheidstoekenning van R4 580 wat die werkgewer aan 'n werknemer gee

1.6 'n Bestaanstoelae van R395 per dag wat 'n werknemer ontvang wat twee dae weg van die huis af op 'n sakereis is

1.7 Surplusvrugteprodukte wat aan kollegas by die werk verkoop word

1.8 'n Uniformtoelae wat 'n verpleegster ontvang

1.9 'n Gedeelte van 'n reistoelae wat aan 'n sakereis bestee is en waarvan daar bewys in 'n logboek is

1.10 Rente op 'n lening wat aan 'n werknemer toegestaan is om 'n motor mee te koop

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 10

AFDELING B

VRAAG 2

Mev Hellen, 52 jaar oud, het twee jaar gelede met 'n boerdery begin. Sy het 'n boerderyverlies van R205 000 in die eerste jaar gely en verlede jaar 'n wins van R20 000 gemaak. Sy verskaf die volgende inligting vir die 2018-belastingjaar aan jou, haar belastingpraktisyn:

BEWEGING VAN LEWENDE HAWE	RAND
Beginvoorraad – 16 koeie teen 'n standaardwaarde van R40	
Koop 3 koeie teen R1 500 aan	
Slag 2 koeie vir werknemers	
Verkope van melk	40 000
INKOMSTE ONTVANG	
Vrugte verkoop	2 000 000
Rente ontvang	40 000
Lening van bank vir verbeterings op die plaas	300 000
Waterregte verkoop	5 100 000
Dividend van Engeland ontvang	8 000
Trekker vir R45 000 verkoop (is in die eerste jaar vir R50 000 aangekoop)	
BETALINGS	
Voorkoming van gronderosie	30 000
Trekker op 1 Augustus 2017 aangekoop	600 000
Besproeiingstelsel betaal	180 000
Herstelwerk aan plaashuis	10 000
Herstelwerk aan heinings	60 000
Vrugtestalletjie opgerig	190 000
Saad aangekoop	15 000
Kunsmis	40 000
Vrugtebome geplant	180 000
Lone	40 000
Rente op lening vir verbeterings aan die plaashuis	5 000
Private verbruik deur die boer	600
Rantsoene aan werknemers	1 000
Vrugte voorhande: 28 Februarie 2017	12 000
Vrugte op die land: 28 Februarie 2018	20 000

Verlang: Bepaal Hellen se belastingaanspreeklikheid vir die jaar geëindig 28 Februarie 2018. **[45]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

Mnr Thomas en mev Jones is vennote in 'n vervaardigingsonderneming. Mev Jones is binne gemeenskap van goedere getroud, terwyl mnr Thomas nie getroud is nie. Hulle deel die vennootskapswins in 'n 4 : 2-verhouding. Hulle voorsien die volgende inkomste-en-uitgawe-rekords vir die jaar geëindig 28/02/2018 aan jou:

	RAND
Verkope vir die jaar	900 000
BTW geëis	20 000
Voorraad nie aan die einde van Februarie 2018 verkoop nie	20 000
Lone vir vervaardigingswerknemers	105 000
Salaris: Mnr Thomas	160 000
Salaris: Mev Jones	180 000
Water	500
Elektrisiteit	1 500
Regsfooie vir die opstel van 'n kontrak	7 000
BTW oorbetaal aan die SAID	22 000
Huurgeld betaal	80 000
Eiendomsbelasting en diensgelde	14 000
Voorsiening vir slegte skuld	3 000
Advertensie	5 000
Voorsiening vir bonus vir werkers	10 000
Kantoorgebou aangekoop	500 000
Rente op lening wat betaal moet word: bedryfskoste	2 000
Rente op lening wat betaal moet word: finansiering van die kantoorgebou	16 000
Rente ontvang op belastingvrye belegging	24 500
Vervanging van vervaardigingsmasjien op 1 Augustus 2017 (ou masjien is volkome afgeskryf en as skroot verkoop, R1 200)	60 000
Onttrekkings: Mnr Thomas Onttrekkings: Mev Jones	5 000 2 000
Die volgende is aangekoop: 3 masjiene op 1 Mei 2017 1 tweedehandse masjien op 1 April 2017 1 masjien is ingevoer (Toe die rekening op 1 Maart 2017 betaal is, moes slegs R10 000 en invoerbelasting van R500 nog betaal word.)	 80 000 20 000 20 000
Verkoopskommissie	50 000
Skenking aan die kerk	2 000
Hulle staan 'n lening van R5 000 op 1 April 2017 aan 'n werknemer toe, maar dié verdwyn. Hulle betaal R2 000 aan regskoste om die lening te verhaal. Die prokureur verhaal R3 000 van die lening.	

Verlang: Bereken die vennote se belastingaanspreeklikheid vir die jaar geëindig 28 Februarie 2018. **[50]**

VRAAG 4

Richard Olifant tree aan die einde van Oktober af toe hy 63 jaar oud word. Hy is binne gemeenskap van goedere getroud, met twee kinders wat onder die ouderdom van 21 jaar oud en voltydse, geregistreerde studente is. Hy verskaf die volgende inligting aan jou:

	RAND
Salaris per maand R22 000 Pensioenannuïteit R8 000 per maand Enkelbedrag uit pensioenfonds	900 000
Gratifikasie van sy werkgewer	16 000
Opgehoopteverlof-betaling	10 000
Pensioenfondsbydrae: 8% van salaris	
Lewenspolisuitbetaling	500 000
Huurinkomste	40 000
Huuruitgawes	10 000
Bonus	19 000
Loterywenkaartjie	2 000
Geskenk van kollegas	1 500
Prys vir die beste werknemer van die maand	1 000
Belasting tydens die jaar teruggehou (LBS)	3 500
Bydrae tot mediese fonds: self	30 000
Bydrae tot mediese fonds: werkgewer (Hy het nie tydens sy aftreetydperk sy mediese fonds beëindig nie.)	45 000

Verlang: Bereken Richard Olifant se belastingaanspreeklikheid vir die jaar geëindig 28 Februarie 2018. **[40]**

VRAAG 5

Elephant Construction is 'n kleinsakekorporasie vir belastingdoeleindes. Op sy 2016/2017-belastingaanslag op 30 Mei 2017 word 'n belasbare inkomste van R500 000 weergegee. Die belasbare inkomste vir 2018 word op R450 000 geraam. Ongeouditeerde syfers op 20 Februarie 2018 openbaar 'n belasbare inkomste van R550 000. Elephant Construction wil graag die minimum belasting betaal sonder die gevaar dat hy boetes moet betaal.

Verlang:

5.1 Bereken die eerste voorlopigebelasting-betaling. (Dui die datum en die vorm wat gebruik moet word aan.) (10)

5.2 Bereken die tweede voorlopigebelasting-betaling. (Dui die datum en die vorm wat gebruik moet word aan.) (10)
[20]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6

Bereken die belasbare byvoordeel, indien enige, vir die verskillende scenario's tydens die belastingjaar geëindig 28 Februarie 2018.

6.1 Mnr Musa se werkgewer gee aan hom die reg om 'n selfoon twee maande lank vir private doeleindes te gebruik terwyl hy weg is met vakansie. Die markwaarde van die selfoon is R6 000, maar sy werkgewer het dit 'n jaar gelede vir R7 000 aangekoop. (6)

6.2 Mnr Musa woon 'n vyfdaagse sakeseminaar in 'n ander provinsie by. Hy ontvang toelaes van R5 800 vir verblyf, R1 500 vir etes, en R800 vir toevallige koste. Musa hou geen rekords by om sy uitgawes te wys nie. (9)

6.3 Mnr David Tshabalala is 46 jaar oud en verdien 'n salaris van R380 000 per jaar wat op 'n verhoging van 9% van die vorige jaar neerkom. Sy werkgewer voorsien 'n volledig gemeubileerde drievertrekhuis aan hom. Hy betaal R1 400 per maand aan huurgeld. Die werkgewer het die huis sonder elektrisiteit aan hom voorsien. (15)

6.4 Daar word volle gebruik van 'n maatskappymotor, teen 'n koste van R280 000 (BTW ingesluit), aan Precious wat 32 jaar oud is, gegee. Sy begin die motor met ingang van 1 Augustus 2017 gebruik. Die motor het ook 'n instandhoudingsplan. (5)

[35]

TOTAAL AFDELING B: 190
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou

(4010206)

INLIGTINGSBLAD

BELASTINGKOERSE BETAALBAAR VIR DIE JAAR VAN AANSLAG GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2018		
BELASBARE Inkomste	**BELASTINGKOERSE**	**RAND**
0–189 880	18% vir elke R1	
189 881–296 540	34 178 + 26% van belasbare inkomste bo	189 880
296 541–410 460	61 910 + 31% van belasbare inkomste bo	296 540
410 461–555 600	97 225 + 36% van belasbare inkomste bo	410 460
555 601–708 310	149 475 + 39% van belasbare inkomste bo	555 600
708 311–1 500 000	209 032 + 41% van belasbare inkomste bo	708 310
1 500 001 en hoër	533 625 + 45% van belasbare inkomste bo	1 500 000

KORTINGS	RAND
Primêr	13 635
Sekondêre korting (vir persone van 65 jaar en ouer)	7 479
Tersiêre korting (persone van 75 jaar en ouer)	2 493

BELASTINGDREMPELS	
Onder 65	R75 750
Van 65 tot 75 jaar	R117 300
75 jaar en ouer	R131 150

UITTREEFONDS-ENKELBEDRAGVOORDEEL OF DIENSBEËINDIGINGSVOORDEEL		
BELASBARE INKOMSTE	**BELASTINGKOERS**	**RAND**
0–500 000	0% van belasbare inkomste	
500 001–700 000	18% van belasbare inkomste bo	500 000
700 001–1 050 000	36 000 + 27% van belasbare inkomste bo	700 000
1 050 001 en hoër	130 500 + 36% van belasbare inkomste bo	1 050 000

KLEINSAKEKORPORASIES		
BELASBARE INKOMSTE	**BELASTINGKOERS**	**RAND**
0–75 750	0%	
75 751–365 000	7% van belasbare inkomste bo	75 750
365 001–550 000	20 248 + 21% van belasbare inkomste bo	365 000
500 001 en hoër	59 098 + 28% van belasbare inkomste bo	550 000

Kopiereg voorbehou